

---

---

## LK 15:11-32: DIE LIEFDE- VOLLE VADER [2]

No. E75

---

---

Ons het laas oorsigtelik na die twee seuns in hierdie gelykenis gekyk, asook na hulle pa. Ons het gesê die pa is kennelik verteenwoordigend van ons hemelse Vader. En toe het ons 'n bietjie meer in diepte na Sy liefde gekyk.

Kom ons kyk nou na die jongste seun - die swartskaaap - se wedervaringe.

### VANWAAR SULKE BEDORWENHEID?

Dis mode vandag om kinders se gedrag toe te skryf aan hulle opvoeding. Veral as 'n kind sleg uitdraai, verwyrt ouers hulleself wroegend oor al die foute wat hulle tydens sy of haar grootwordjare gemaak het.

Natuurlik speel ouerlike opvoeding 'n groot rol in die vorming van 'n kind se waardestelsel en lewens- en wêreldbeskouing. Maar laat ons nie die fout maak om te dink dat kinders primêr sondig omdat hulle swak opgevoed is nie. *Nee, nee, hulle sondig ten diepste omdat hulle sondaars is!* Soos John MacArthur sê: "We are not victims, we are villains!"

Daar is geen noodwendige en absolute verband tussen ouers se opvoeding en kinders se gedrag nie. Kyk net hoe kan broers en susters wat presies dieselfde opvoeding gekry het, in hulle volwasse jare van mekaar verskil.

Daar is 'n enorme verskil tussen die stellings, "ons is sondaars omdat ons sondig" en "ons sondig omdat ons sondaars is". Die mens se grootste probleem is die erfsonde. Hy word as 'n sondaar met 'n sondige natuur gebore. Dis waarom hy sondig. Presies dít was ook die swartskaaap se probleem.

### DIE SWARTSKAAP SE VERVAL NADER BEKYK

Soos feitlik altyd in die lewe, vind die jongste seun se agteruitgang stapsgewyse plaas.

- In die verhaal begin alles as hy vir sy pa sê, "gee my" (12). Natuurlik is dit nie 'n impulsiewe versoek nie. Sy begeerte om sy eie ding te doen, kom sekerlik al 'n hele ent.

Dis natuurlik en reg vir 'n jongman om sy eie potjie te wil krap, maar duidelik is hier iets meer aan die gang. Hy wil finaal klaar kry met sy pa en sy ouerhuis se waardes. Hy het genoeg gehad van ordentlikheid. Hy wil die wêreld en die lewe leer ken!

So was dit natuurlik ook met die eerste mens. Hy wou onafhanklik wees van God. Hy wou goed en kwaad self leer ken. En hy sou self daarvoor besluit.

Hier is ons by die wortel van die mens se sonde. Die sondeval was 'n UDI, 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring.

- Hy het "weggereis na 'n ver land" (13) - so ver as moontlik. Hy wil sy vlerke spreid. En met die avontuurlus van die jeug wat in sy are pols, wil hy alles ervaar wat hierdie lewe te bied het.

As iemand nie sin in die Here en Sy koninkryk ervaar nie, bly daar net die dinge van hierdie wêreld oor om lewensbetekenis te probeer vind. Tot die mate wat jou ondernemingsgees en avontuurlus jou toelaat, sal jy elke stukkie opwinding uitprobeer. Of kom ons sê dit soos dit regtig is: tot die mate wat jy smag na 'n betekenisvolle lewe, tot daardie mate sal jy oor land en see reis om dit te vind. Geen denkende mens kan sonder bestaansin leef nie.

- Hy het "sy geld verkwis deur losbandig te lewe" (13). In die ver land aangekom, lei een ding tot 'n ander. Sonde is gulsig!

Die jongman beland in 'n tuimelgang. Hy verval sedelik al hoe dieper. En daarmee saam versleg sy omstandighede. So 'n proses kan natuurlik ook opwaarts wees. Maar dis ewe gevaarlik. Hoewel ons dit dikwels miskyk, kan die najaging van mag en

sukses en rykdom in ewigheidsterme net so vernietigend wees soos 'n lewe van kru sondes.

Niemand is so blind vir sulke gevaarlike ontaardings in 'n mens se lewe soos jyself nie. As ons tog maar meer objektiwiteit kon hê wanneer ons na ons eie lewens kyk. Niemand wil homself immers vernietig nie. Sekerlik sou ons vriend nie wou beland het waar hy uiteindelik eindig nie.

En moenie dink dat God niks te doen het met die swartskaaap se verval nie. Sê Rm 1 nie drie keer nie dat Hy mense wat weier om hulle te bekeer, aan hulle sonde oorgee? Wie nie wil hoor nie, moet voel. Dis dikwels die enigste manier om 'n les te leer.

- Hy het "alles deurgebring" (14). So gaan dit mos: 'n lewe van losbandigheid en sonde trek jou kaal uit. Ongedissiplineerdheid en vergrype eis spoedig 'n verskriklike tol. Dis waarom armoede en dekadensie so dikwels hand aan hand loop. Mense is nie soseer dekadent omdat hulle arm is nie - daar is net eenvoudig te veel ordentlike arm mense. Nee, mense is arm omdat hulle dekadent is. Almal van ons ken patete wat 'n fortuin uitgedrink of uitgedobbel of uitgehoereer het. Waarlik, God se gebooie en ordes moet nie ligtelik opgeneem word nie. Maak erns daarmee, en dit lei jou op 'n pad van seën. Minag dit, en jy vernietig jouself.

Maar dis nie al wat ons hier moet sê nie. As iemand sy eie goed uitmors, is dit een saak. Maar as mens 'n ander s'n deurtrek, is dit krimineel. En dis presies wat hierdie jongman doen. Want sy pa leef nog - en eintlik is die besittings wat hy so deurbring nog sy pa s'n. Dis presies wat die gevalle mens doen. Hy maak of alles syne is, nog erger, hy mors daarmee. Maar eintlik behoort alles aan ons Skeppergod. Ons is bloot rentmeesters - wat ons roeping met groot erns, ywer en respek moet uitleef. Maar of ons dit nou wil weet of nie, verantwoordings sal ons eendag aan die Groot Eienaar doen!

- Toe begin hy "gebrek lei" (14). Dit moes noodwendig kom, nie waar nie. Ontnugtering neem nou die plek in van opwinding. Sy vriende verdamp.

Dit wat hy gedink het is liefde, blyk nou net wellus te wees. Die *good life* het as in sy mond geword. En om alles te kroon, begin hy honger lei. Dan word hy 'n varkwagter. En al wat hy het om te eet, is varkkos. Ken jy varkkos? Selfs dit moet hy skelm eet, want die boer voel vere vir hom - hy sorg nie vir hom nie.

Iemand wat sy rug op God draai, leef nie net sonder God nie, hy leef ook sonder hoop. En wat is erger as om geen hoop te hê nie? Uitsigloos! Geen verwagting! Sonder God is die lewe 'n uitmergelende geworstel om so lank as moontlik uit te hou, want die wurms wag. Dis soos 'n popliedjie 'n paar dekades terug gesing het: "I am so tired of living, but so terribly afraid of dying!" Min ongelowiges waag dit om té diep te dink, maar as hy dan tog die moed het om realiteite in die gesig te staar, kan hy tot geen ander gevolgtrekking kom nie as die ateïstiese filosoof (ek meen dit was Albert Camus): "die lewe is absurd - 'n siek grap!"

## DIE SONDE EN SY EFFEKTE

☐ Sonde het sy plesiere, sy opwinding, sy kompensasies. Dis gewis so. Die probleem is net dat dit nie hou nie.

Een van die kenmerke van 'n lewe sonder God, is sy rusteloosheid. Waarom? Dis omdat wêreldse genot baie selde standhoudend is. En as een beheptheid vaal en vervelig raak, moet jy 'n volgende een kry om jou aandag in beslag te neem. Want dink durf jy nie.

Die mens kan nooit volle en finale bevrediging uit sonde put nie. Hy is nie 'n dier nie. Hy is nie net liggaam nie, hy het ook 'n siel. Hy is na die beeld van God geskape - vir gemeenskap met God. Hy is dus geskape om sy hoogste vervulling in 'n ander dimensie te vind as bloot die liggaamlike.

As daar één les is wat ons in hierdie lewe moet leer, dan is dit dat mens blywende vervulling net in ons hemelse Vader se huis kan vind. Daarom is die man of vrou wat die rug op Christus draai, gedoem tot 'n lewe van sinloosheid. Dit is immers net in Christus dat ons met God versoen kan raak.

☐ Nie alleen is 'n lewe sonder God nie in staat om 'n mens te vervul nie. Erger, dit droog jou siel uit. Dis soos Dt 8:3 sê: die mens leef nie net van brood nie, "hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom." Sonder hiêrdie kos verdor jy in jou menswees.

Dis natuurlik nóg 'n rede waarom mense sonder die Here steeds soekend bly.

Die ergste dwase onder hulle poog om in nog méér sonde betekenis te vind. Soos rondloperhonde soek hulle kos in die asblikke van hierdie wêreld.

Die meer edelmoediges probeer op 'n duisend maniere lewensin vind in moraliteit en die sogenaamde verhewe dinge in die lewe. Hulle word groenes, of hulle gaan op in die akademie of die kunste. En meeste van hulle leef vir die welsyn van hulle kinders en kleinkinders. Hulle boedels raak belangriker as die bestemming van hulle siele.

En dan is daar natuurlik ook diegene wat wel aan die hiernamaals dink. Dis die godsdienstiges. Vir hulle is elke goeie werk en elke ritueel nog 'n trappie oppad na God toe.

## GOD SE GENADE

☐ Ons het afgedwaal. Ons het ons vriend netnou in die uiterste ellende gelos - daar in die varkhok.

En tog! Hy is 'n wonderlik begenadigde. Dis eintlik volgende keer se storie, maar ons kan tog nou 'n paar dinge daarvoor sê.

Waarom kan die swartskaaap nie op 'n beter plek wees as hier waar die swyne se stank hom wil laat stik nie? Waarom is dit die beste oomblik van sy lewe tot dusver? Dis omdat hy in 'n hoek is. Hy het vasgeloop. Hy kan nie verder nie. Nou móét hy dink. En as mens regtig dink, bly insig nie lank uit nie.

Vir die swartskaaap kom die insig spoedig. Hy ken immers die goeie nuus - *die goeie nuus!* - van sy pa se liefde vir hom. Hy weet hy kan enige dag teruggaan en met ope arms ontvang word.

Daar is natuurlik talle verlore seuns wat die goeie nuus nie ken nie. Vir hulle vat dit gewoonlik langer voordat die uitkoms opdaag. Iemand moet dit immers vir hulle kom vertel. En meeste mense loop

maar wye draaie om stink varkhokke.

Helaas gaan baie van hierdie verlore seuns in die varkhok dood. Party het wel gehoor dat daar 'n liefdevolle Vader is - maar dit as nonsens afgemaak. Vir verreweg die meeste word dit helaas nooit vertel nie. En waarheen gaan jy, as jy nie weet dat jy die varkhok vir 'n paleis kan verruil nie?

☐ Meeste van ons verstaan presies, nie waar nie. Meeste van ons het ook die pad teruggehoop na die Vaderhuis toe. Ons weet, die pad na God toe begin in armoede-land. Want dis dáár waar mens besef jy het vasgeloop - jy kan jouself nie help nie. Dis dáár waar die helder lig vir mens opgaan dat jy 'n Verlosser nodig het.

Is dit nie ironies nie, die lewe in die lig begin in die stikdonkerte van uitsigloosheid! "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel" (Mt 5:3).

Is hier dalk iemand wat vanaand na vark ruik? As jy nog nie presies verstaan waarlangs die pad na die Vaderhuis loop nie, vra onverwyld pad! Hier is baie mense in wie se gemoedere die roete tot in die fynste besonderhede ingeëts is. Hier is baie mense wat jou met die grootste graagte sal wil help.

## Nico van der Walt

---

Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente (Pretoria): 29-05-07  
Posbus 12371, Queenswood, 0121  
T: (012) 329 3012; 082 7766 141  
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za  
[www.reformed.org.za](http://www.reformed.org.za) [www.sola5.org](http://www.sola5.org)

---

- Daar word weekliks 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan meer as 'n duisend mense wat dit aangevra het.
  - Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
  - E-preke vantevore uitgestuur, is te kry op bg. webwerf.
  - Preekopnames: [nunide@absamail.co.za](mailto:nunide@absamail.co.za); T: 012-8083 906
  - Graag stuur ons 'n bekendstelling aan diegene wie se name u vir ons mag aanstuur, maar plaas mense net op ons adreslys as hulle dit dan sêlf versoek.
-